**14 Februarie** **Skrifgedeelte: Lukas 8:26-39**
**Fokusgedeelte: Lukas 8:30**

## Wat is jou naam?

Jesus ontmoet hier ’n man wat nie meer klere gedra het nie en tussen die grafte gebly het. Met so iemand het niemand meer gepraat het nie. Jesus vra vir hierdie man: “Wat is jou naam?” ’n Mens kan die verskeurdheid in hierdie man se lewe hoor as hy antwoord: “Legio,” met Lukas se verduideliking daarby, “... want daar het baie bose geeste in hom ingevaar.” Hy was nie meer een nie, maar baie. Hy het nie meer ’n naam gehad nie, maar is vernoem na die baie bose geeste wat sy lewe oorheers het.

Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, wat gekom het om dié wat verlore is, te soek, vra nou vir hierdie man: “Wat is jou naam?” Oomblikke later sit dieselfde man met “klere aan, en by sy volle verstand” by Jesus. Hy het toe weer ’n naam gehad, iemand wat ’n antwoord kan gee.

Die Here roep vandag nog mense op hulle naam, soos in Jesaja. 43:1: “Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne!”

*Sing: Psalm 147:2, 7 (p. 704)* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*